Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

JULIE 2021

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

2021/2022-BEGROTING:

'n Poging om die pandemie se voortslepende impak op die ekonomie en lewensbestaan die hoof te bied

Tydens 'n virtuele vergadering wat op Woensdag, 26 Mei 2021 gehou is, het die vierde hersiening van Overstrand se vyf-jaar- Geïntegreerde Ontwikkelingsplan voor die Raad gedien. Terselfdertyd is die begroting, soos voorgelê deur Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee, ook eenparig deur die Raad goedgekeur.

In wese kom dit daarop neer dat eiendomsbelasting en munisipale dienste met 4% en elektrisiteit met 14,59% in die komende boekjaar (2021/2022) gaan styg.

Ten tyde van die lewering van sy begrotingsrede het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee ook Raadsvergunning versoek vir onvoorsiene en onvermybare uitgawes waarvoor daar nie in die 2020/21-begroting voorsien is nie. Hy het dié tekort toegeskryf aan 'n verhoogde vraag na elektrisiteit en die situasie as volg verduidelik:

"Die impak van die Covid-19-pandemie hou verreikende gevolge in vir die land en het 'n ekonomiese, gesondheid- en humanitêre krisis tot gevolg.

"Die negatiewe impak van die tydelike sluiting van sakeondernemings en die verlaging in hul gebruik van water en elektrisiteit is in April 2020 deur die begrotings-beheerkomitee oorweeg.

"Die maandelikse herbesinning van inkomste en uitgawes aan die einde van April 2021 het egter daarop gedui dat inkomste en uitgawes verwant aan elektrisiteit aan die toeneem was. Dit kan toegeskryf word aan die aantal nie-permanente inwoners wat in hierdie tydperk huise bewoon het en aan die manier waarop sake bedryf is – heelwat mense het, byvoorbeeld, van die huis af gewerk.

"Die voorafgaande het tot 'n verhoogde vraag na dienste, soos elektrisiteit, gelei en het aanleiding gegee tot die begrotingstekort vir die aankoop van elektrisiteit. Lewering van hierdie diens is onontbeerlik, en daarom moet daar vir addisionele fondse begroot word om Eskom se rekeninge vir die maand Junie 2021 gedeeltelik af te los. Hierdie verhoogde grootmaataankope van elektrisiteit sal ten volle verreken word teen die verhoogde inkomste uit elektrisiteitsverkope.

"Na beraming moet daar vir 'n verdere R32m vir die aankoop van grootmaat-elektrisiteit begroot word. Die beraamde addisionele inkomste beloop R47m.

"Hierdie addisionele uitgawe van R32m is bó die totale toelaatbare perk vir onvoorsiene en onvermybare uitgawes wat ingevolge artikel 72(c) van die munisipale begroting- en verslagdoeningsregulasies nie R15m mag oorskry nie.

"Die saldo van R17m sal befonds word uit beoogde besparings op projekte wat in alle direktorate geïdentifiseer is en kom neer op salarisbesparings van R12m, rente op die terugbetaling van eksterne lenings ten bedrae van R2.5m en besparings ten bedrae van R2.5m wat deur die direktoraat finansies gegenereer sal word."

Coetzee het onderneem om hierdie stand van sake in detail aan die provinsiale ministers van finansies en plaaslike regering, omgewingsake en ontwikkelings-beplanning te verduidelik.

Die Burgemeester het die publiek bedank vir hul deelname aan en insette ten tyde van die proses om die GOP te hersien en die begroting voor te berei en het veral sy waardering betuig teenoor die Raadslede en wykskomiteelede vir hul bydraes.

"Ek wil ook die munisipaliteit se administratiewe personeel opreg bedank vir die harde werk wat hulle vir maande lank, soms onder baie moeilike omstandighede, aan die voorbereiding van hierdie begroting gewy het," het die Burgemeester ter afsluiting gesê.

KLEINMOND SE NETBALBANE BESTEM VIR OPGRADERING

Danksy broodnodige befondsing ten bedrae van R600 000 wat vanaf die provinsiale departement van kultuursake en sport ontvang is en 'n ruim voorsiening in die 2021/22-begroting vir wykspesifieke projekte, dui alles daarop dat die oppervlak van die netbalbane in Kleinmond en die klub-/kleedkamerfasiliteite betyds vir die Netbalwêreldbeker in 2023 opgegradeer gaan word.

Minister Anroux Marais ten tyde van die seremoniële oorhandiging in die geselskap van rdl. Grant Cohen (links), Overstrand se bestuurder: sport en ontspanning Ayanda Stali, Swellendam se burgemeester Nicholas Myburgh en Brine Nofotyo van Wes-Kaapse provinsiale sportontwikkeling (Overberg)

Ten tyde van die seremoniële oorhandiging van die tjek het die Wes-Kaapse minister vir kultuursake en sport Anroux Marais gesê, "Namate hierdie sektor die toekoms veilig tegemoetgaan, is die voorsiening en opgradering van sleutelfasiliteite 'n allerbelangrike komponent van sportontwikkeling in die Wes-Kaap, die groter Suid-Afrika en die wêreld in geheel. Die voorsiening en opgradering van sportfasiliteite skep 'n bemagtigende omgewing sodat sportgeleenthede op plaaslike, distrik-, streek-, provinsiale, nasionale en selfs internasionale vlak kan plaasvind met die doel om sporttalent op verskeie vlakke te ontwikkel namate ons ons weg na 'n nuwe norm in hierdie sektor baan.

"My opregte dank aan ons gewaardeerde belanghebbers in WP-Netbal, Netbal-Suid-Afrika en verskeie munisipaliteite vir hul samewerkende hulpverlening in die realisering van ons missie, naamlik om uitnemendheid en inklusiwiteit in sport aan te moedig deur middel van die doeltreffende, doelmatige en volhoubare benutting van ons hulpbronne. Ek sien saam met julle uit na die bevordering van toeganklike deelname aan sport- en ontspanningsaktiwiteite vir almal onderwyl ons tegelyk die nalatenskapprojekte wat deur die 2023-netbalwêreldbeker moontlik gemaak word, ten volle benut. Op hierdie wyse maak ons dit vir netbal as sportkode moontlik om veilig aan massageleenthede deel te neem, vaardighede te ontwikkel en talent te identifiseer sodat dit die hoogste vlakke van uitnemendheid kan bereik."

By aanvaarding van die "tjek" het Wyk 9 se raadslid, Grant Cohen, erken dat hierdie befondsing grootliks bekom is te danke aan die meedoënlose insette aan die kant van die Overberg-netbalfederasie sowel as die Kleinmond-netbalklub opsigself.

Hierdie befondsing maak deel uit van die provinsiale nalentskapprojek wat tans in die Wes-Kaap ter voorbereiding vir die 2023-wêreldbeker onderneem word, en werk aan die bestaande bane en fasiliteite sal na verwagting vroeg in die nuwe boekjaar 'n aanvang neem.

2021/22-KAPITAALPROJEKTE IN DIE ONDERSKEIE WYKE

Let asseblief daarop dat besteding aan infrastruktuur nie beperk is tot daardie projekte wat vir elke wyk aangetoon word nie. Benewens die projekte wat onder Overstrand gelys word, is daar ook geïntegreerde projekte wat tussen wyke gedeel gaan word.

Overstrand	**R127 498 677**
Inligting- en kommunikasietegnologie	3 700 000
Voertuie	5 000 000
Brandweer & Wetstoepassing	1 795 314
CCTV-kameras	333 551
Elektrisiteit	7 019 000
Water	32 745 410
Riolering	18 679 317
Afvalbestuur	1 242 000
Onvoorsiene uitgawes: waterfasiliteite	400 000
Onvoorsiene uitgawes: rioleringsfasiliteite	650 000
Laekostebehuising: dienskontrakte	52 259 085
Aanbouings aan boubeheerkantoor en oprigting van VKO-sentrum	1 475 000
Sportfasiliteite oral in Overstrand	600 000
Kleiner bates	1 600 000
Multiwyk-projekte	**R68 070 939**
Multiwyk GB Area Franskraal, Kleinbaai, Birkenhead: Nuwe 66 11 kV-substasie	50 400 000
Multiwyk HM Area Opgradering van Hermanus se boorgate Fase 2	6 691 709
Multiwyk HM Area Hermanuss-AWBA: Gradeer roosters vir ontwatering van slyk op	3 000 000
Multiwyk HM Area Stormwaternetwerk	1 000 000
Multiwyk HM Area Zwelihle-riool	449 150
Multiwyk KM Area Kleinmond-AWBA: Opknapping/opgradering	4 530 080
Multiwyk KM Area Toegangspad na Kleinmond / Buffelsrivier-WBA: Opgradering	2 000 000
Wyk 01	**R6 868 595**
Stanford Omhein sokker-/rugbyklubhuis	400 000
Stanford Opknapping van sakekern	600 000
Stanford Opgradering van openbare sleephelling/ablusies in Du Toit-straat	100 000
Thembelihle Verkeersmatiging	50 000
Thembelihle Stormwater AD-HOC	50 000
Stanford Stormwater AD-HOC	50 000
Stanford CCTV-kameras	3 595
Stanford Opgradering van grootmaatwater	5 615 000
Wyk 02	**R17 584 774**
Gansbaai Uitbreiding van rioolnetwerk in sakekern	7 348 170
Gansbaai Grondopvulterrein: Heining	463 000
Gansbaai Lig van brandweerstasie se dak	300 000
Masakhane Bou van sementpaviljoen: Masakhane-sportgronde	100 000
Masakhane Sypaadjies	100 000
Gansbaai Sypaadjies	100 000
Gansbaai Stormwater	100 000
Masakhane Stormwater AD-HOC	100 000
Masakhane Nuwe dak: Masakhane-handelaars by taxistaanplek	80 000
Gansbaai CCTV-kameras	51 832
Gansbaai CCTV-kameras: Gemeenskaplike sportgronde	7 772
Masakhane Opgradering van grootmaatriolering: Area A & B	4 834 000
Masakhane Opgradering van waterlyne en nuwe kleppe vir versterkingspompstasie	4 000 000
Wyk 03	**R13 515 227**
Hermanus MS-LS-opgradering/vervanging	4 939 913
Hermanus Fernkloof-natuurreservaatfasiliteite	4 100 000
Hermanus Verbetering van sportfasiliteite	1 900 000
Hermanus Groter Hermanus-verkeersafdeling: Verwyder en vervang ou dak en plafon	1 000 000
Hermanus Verwelkomingspadteken	756 214
Hermanus Skuiling vir gemeenskappe by taxistaanplek	404 148
Hermanus Ontwikkeling van BMX-/skaatsplankbaan	100 000
Hermanus Aanlê van nuwe kuswandelpaaie	100 000
Voëlklip Elektriese omheining by aflaai- en mini-aflaaipunte	900 000
Hermanus CCTV-kameras	74 952
Hermanus Verkeersmatiging	50 000
Wyk 04	**R2 238 979**
Hemel-en-Aarde Valley Opknapping van geboue: Plaas 585/3	1 420 501
Mount Pleasant Basiese dienste vir noodbehuising	250 000
Mount Pleasant CCTV-kameras	100 000
Westcliff Opgradering van uitkykpunt: Stillstraat	100 000
Westcliff Sypaadjies	75 000
Mount Pleasant CCTV-kameras	68 478
Mount Pleasant Opgradering van sportgronde	50 000
Mount Pleasant Sypaadjies	50 000
Westcliff Opgradering van Huis Lettie Theron se vooraansig	50 000
Westcliff Verkeersmatiging	50 000
Mount Pleasant Verkeersmatiging	25 000
Wyk 05	**R1 327 059**
Zwelihle Hoëmasligte	743 523
Zwelihle Stormwaterriole	300 000
Zwelihle Grondwaterdreinering	200 000
Zwelihle CCTV-kameras	83 536
Wyk 06	**R3 373 928**
Zwelihle Noodbehuisingsprojek: Schulphoek	2 600 000
Zwelihle Omheining: Zwelihle-taxistaanplek	300 000
Zwelihle Bou van sypaadjies	200 000
Zwelihle Aanlê van grondwaterdreinering	200 000
Zwelihle CCTV-kameras	73 928
Wyk 07	**R1 650 000**
Sandbaai Stormwaterprojek: Langstraat	1 250 000
Sandbaai Herstel en opgradering van strandgebied, insluitend fasiliteite	150 000
Sandbaai Straatligte	100 000
Sandbaai CCTV-kameras	75 000
Sandbaai Verkeersmatiging	75 000
Wyk 08	**R8 638 245**
Hawston Nuwe behuisingsontwikkeling: R43-muur	2 100 00
Hawston Opgradering van sportkompleks	4 052 225
Hawston Industriële sakekern	800 000
Hawston Verlenging van Pleinstraat	660 000
Hawston MS-LS-opgradering/vervanging	372 282
Fisherhaven Beranding en teer/plavei van sypaadjies	180 000
Hawston Oordrag van Lang Erwe	147 070
Hawston Beranding en teer van sypaadjies	100 000
Hawston Stormwater en teer van sirkels	100 000
Hawston Verkeersmatiging	50 000
Fisherhaven CCTV	40 000
Fisherhaven Straatligte	30 000
Fisherhaven CCTV-kameras	5 816
Hawston CCTV-kameras	852
Wyk 09	**R3 732 388**
Kleinmond Opgradering van MS-LS-netwerk	1 860 714
Kleinmond Gemeenskapsprojek: Ou KCIH	700 000
Kleinmond Opgradering van ablusiefasiliteite by munisipale werf	500 000
Kleinmond Houerkantoor vir Kleinmond sleephelling	145 000
Kleinmond Kragkabel vir Kleinmond-sleephellingfasiliteite	115 000
Kleinmond Opgradering van stadsaal	110 000
Kleinmond Koop van erf 4013 Bettysbaai	100 000
Proteadorp Heideland-crèche: parkeerarea	65 000
Kleinmond Bushokkies: Hoofstraat	60 000
Kleinmond Kleiner bates/toerusting vir stadsaal	35 000
Kleinmond Veiligheidskameras by ingang tot dorp	17 746
Proteadorp Veiligheidskameras	23 928
Wyk 10	**R1 310 331**
Bettysbaai / Pringle Bay Stormwaternetwerk	1 000 000
Rooiels Teer van Anemoonstraat	150 000
Bettysbaai Kameras	50 000
Hangklip-Kleinmond Verkeersmatiging	50 000
Rooiels Stormwater	30 000
Mooiuitsig Beranding	25 000
Kleinmond CCTV-kameras - Bettysbaai	5 331
Wyk 11	**R2 006 060**
Franskraal Stormwater AD-HOC	1 500 000
Franskraal Sypaadjies	100 000
Franskraal Stormwater AD-HOC	100 000
Eluxolweni Stormwater AD-HOC	100 000
Pearly Beach Verkeersmatiging	50 000
Buffeljachtsbaai Verkeersmatiging	50 000
Baardskeerdersbos Stormwater AD-HOC	50 000
Pearly Beach Stormwater AD-HOC	50 000
Pearly Beach CCTV-kameras	3 282
Baardskeerdersbos CCTV-kameras	2 778
Wyk 12	**R8 230 441**
Zwelihle Biblioteek	4 373 611
Zwelihle Hermanus-oorlaaistasie: Infrastruktuuropgradering	2 020 260
Zwelihle Nuwe dak in Swartdamweg vir handelaars	875 000
Zwelihle Zithandestraat: Ligte	370 077
Zwelihle Opgradering van heining by Schulphoek buitemuurse gim	200 000
Zwelihle Sypaadjies & verkeersmatiging	150 000
Zwelihle Stormwaterriolering	150 000
Zwelihle CCTV-kameras	91 493
Wyk 13	**R1 843 842**
Onrus / Vermont Onrus-strand: Opgradering van ablusie- en ander fasiliteite	1 243 842
Onrus Aanlê en opgradering van wandelpad langs Atlantic-rylaan	200 000
Vermont Aanlê en verlening van kuswandelpaadjie	200 000
Onrus / Vermont Omheining van hondepark	100 000
Vermont Opgradering van kusgebied langs Marine-rylaan en die klipmuur by die in- en uitgang tot Jan Rabie-getypoel	70 000
Vermont Straatligte	30 000
Wyk 14	**R6 885 060**
Gansbaai Daarstelling van K53-toetsstasie	1 052 060
Blompark Sypaadjies	100 000
De Kleders Sypaadjies	100 000
Gansbaai Sypaadjies	50 000
Blompark Blomparkbehuisingsprojek: Busroete	5 583 00
Groottotaal	**R274 774 547**

TOP 10 PROJECTS FOR 2021/2022

Projekbeskrywing	Wyk	Bedrag
Kontrakte vir aanlê van LKB-dienste	Overstrand	52, 259 085
Franskraal, Kleinbaai, Birkenhead: Nuwe 66 11 KV-Substasies	Multiwyk GB-Area	50, 400 000
Vervanging van waterpype	Overstrand	21, 622 580
Opgradering van stygleidings by pompstasies	Overstrand	16, 059 317
Uitbreiding van rioolnetwerk in Gansbaai-sakekern	Wyk 02	7, 348 170
Implementering van watermeesterplan	Overstrand	7, 272 830
Opgradering van Hermanus-boorgate: Fase 2	Multiwyk HM-Area	6, 691 709
Grootmaatwateropgradering	Wyk 01	5, 615 000
Blomparkbehuisingsprojek: Busroete	Wyk 14	5, 583 000
Opgradering van grootmaatriolering: Area A & B	Wyk 02	4, 834 000



MUNISIPALE REKENINGE: WAT JY IN 2021/2022 TE WAGTE KAN WEES

SRA-heffings sal na gelang van die geval bygevoeg word.

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2021/2022

Hoë verbruik met koopkragmeter Waardasie: R3 500 000	Jaar 2020/21	Jaar 2021/22	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting	1 370,80	1 425,63	54,83	4,00
Riolering* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	628,32	653,45	25,13	4,00
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering	53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis Een keer per week	193,84	201,59	7,75	4,00
Water 50 kℓ	1 198,72	1 246,67	47,95	4,00
BTW 15%	311,16	323,29	12,13	3,90
SUBTOTAAL	**3 756,38**	**3 904,17**	**147,79**	**3,93**
Koopkragmeter 1500kWh	3 404,46	3 901,16	496,71	14,59
BTW 15%	510,67	585,17	74,51	**14,59**
TOTAAL	**7 671,50**	**8 390,51**	**719,01**	**9,37**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2021/2022

Subekonomiese verbruik (Deernishulp) Waardasie: R50 000	Jaar 2020/21	Jaar 2021/22	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting	0,00	0,00	0,00	0,00
Riolering* Tarief Kode: SE7A1	0,00	0,00	0,00	0,00
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis Een keer per week	0,00	0,00	0,00	0,00
Water 6 kℓ	0,00	0,00	0,00	0,00
BTW 15%	6,26	6,26	0,00	0,00
SUBTOTAAL	**47,96**	**47,96**	**0,00**	**0,00**
Koopkragmeter 150kWh	189,36	216,99	27,63	14,59
BTW 15%	28,40	32,55	4,14	14,59
TOTAAL	**265,72**	**297,49**	**31,77**	**11,96**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2021/2022

Medium verbruik met koopkragmeter Waardasie: R2 500 000	Jaar 2020/21	Jaar 2021/22	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting	973,47	1 012,41	38,94	4,00
Riolering* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	377,72	392,83	15,11	4,00
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering	53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis Een keer per week	193,84	201,59	7,75	4,00
Water 25 kℓ	457,77	476,08	18,31	4,00
BTW 15%	162,43	168,61	6,18	3,80
SUBTOTAAL	**2 218,76**	**2 305,05**	**86,29**	**3,89**
Koopkragmeter 800kWh	1 745,04	1 999,64	254,60	14,59
BTW 15%	261,76	299,95	38,19	14,59
TOTAAL	**4 225,55**	**4 604,63**	**379,08**	**8,97**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – SAKE 2021/2022

Sakeondernemings – Medium (drie fase) Waardasie: R3 200 000	Jaar 2020/21	Jaar 2021/22	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting	2 408,00	2 504,32	96,32	4,00
Riolering* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	642,64	668,35	25,71	4,00
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering	53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis Een keer per week	581,51	604,77	23,26	4,00
Water 40 kℓ	914,22	950,79	36,57	4,00
BTW 15%	328,79	341,62	12,83	3,90
SUBTOTAAL	**4 928,69**	**5 123,38**	**194,68**	**3,95**
Elektrisiteit: Kredietmeter 7000kWh	15 030,89	17 223,90	2 193,01	14,59
BTW 15%	2 254,63	2 583,58	328,95	14,59
TOTAAL	**22 214,21**	**24 930,86**	**2 716,64**	**12,23**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2021/2022

Lae verbruik met koopkragmeter Waardasie: R1000 000	Jaar 2020/21	Jaar 2021/22	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting	377,47	392,57	15,10	4,00
Riolering* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	277,48	288,58	11,10	4,00
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering	53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis Een keer per week	193,84	201,59	7,75	4,00
Water 15 kℓ	285,65	297,08	11,43	4,00
BTW 15%	121,58	126,12	4,54	3,74
SUBTOTAAL	**1 309,55**	**1 359,47**	**49,92**	**3,81**
Koopkragmeter 600kWh	1 270,92	1 456,34	185,43	14,59
BTW 15%	190,64	218,45	27,81	14,59
TOTAAL	**2 771,10**	**3 034,26**	**263,16**	**9,50**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ONBEBOUDE ERWE 2021/2022

Gemiddelde waardasie Waardasie: R250 000	Jaar 2020/21	Jaar 2021/22	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting	170,00	176,80	6,80	4,00
Kan met riolering verbind Beskikbaarheid	127,12	132,20	5,08	4,00
Vullis Beskikbaarheid	96,91	100,79	3,88	4,00
Elektrisiteit Beskikbaarheid	356,20	408,17	51,97	14,59
Water Beskikbaarheid	142,64	148,35	5,71	4,00
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering	53,54	53,54	0,00	0,00
BTW 15%	116,46	126,46	10,00	8,58
TOTAAL	**1 062,87**	**1 146,30**	**83,43**	**7,85**

Hangklip-Kleinmond-inwoners kan tenkwaens nou via WhatsApp versoek

Weens tegniese probleme wat die Hangklip-Kleinmond-administrasie tans met telefoonlyne ervaar, is 'n WhatsApp-lyn toegewys as 'n tydelike maatreël om inwoners van diens te wees wat 'n tenkwa wil bespreek.
Let daarop dat hierdie lyn UITSLUITLIK vir die versoek van 'n tenkwa bestem is en dat dit slegs gebruik sal word tot tyd en wyl die probleme met die telefoonlyne opgelos is.
WhatsApp jou naam en van, straatadres, erfnommer en area na 081 751 0170.

BOGGELRUGWALVIS SPOEL UIT BY VERMONT

'n Jong boggelrugwalvis het onlangs op die rotsagtige gedeelte aan die westekant van die Jan Rabie-getypoel in Vermont uitgespoel.

Wetenskaplikes van die Overberg-strandingsnetwerk het monsters van hierdie manlike walvis, met 'n geskatte gewig van sowat sewe ton, geneem maar kon nie die oorsaak van sy dood bepaal nie en kon ook nie enige ooglopende tekens van verstrengeling of enige ander fisiese oorsake bemerk wat tot sy dood aanleiding kon gee nie.

Die walvis is sedertdien oopgesny sodat gasse kan ontsnap en die natuur sy gang kan gaan. Natuurlike ontbinding sal sowat twee tot drie weke duur.

Overberg-strandingsnetwerk

Hierdie groep span saam om te verseker dat soveel inligting as moontlik ingewin word oor elke stranding; dat diere wat steeds leef, vlot gemaak word of, indien nodig, van kant gemaak word; en dat daar op 'n veilige wyse weggedoen word met karkasse indien hulle in beboude gebiede sou uitspoel.

In die Overberggebied word alle strandings deur 'n groep medewerkers behartig bestaande uit CapeNature, die departement van omgewingsake, die Dyer Island Conservation Trust, die Hermanus-dierehospitaal, die walviseenheid van die Soogdiernavorsingsinstituut, die NSRI, Overbergdistriksmunisipaliteit en Munisipaliteit Overstrand.

Ons doen 'n beroep op almal wat 'n gestrande seesoogdier langs die kus teëkom om die munisipaliteit se omgewingsbestuurafdeling by 028 313 8000 dadelik te skakel.

So nie, kontak Dyer Island Conservation Trust se strandingshulplyn by 072 598 7117.

ANTWOORD JA/NEE OP 'N PAAR EENVOUDIGE VRAE EN STEL VAS HOE GOED JOU EIENDOM TEEN BRANDRISIKO'S BESKERM IS

VRAAG 1: Lê jou eiendom teen 'n berghang of word dit gereeld deur sterk suidoosters geteister? Indien JA, let daarop dat brande van nature teen 'n hang opbeweeg en hoër op of in sterk wind feller brand.

VRAAG 2: Is jou eiendom in die omstreke van 'n groot oop en/of natuurgebied geleë?
Indien JA, bring brandbane op jou eiendom langs die brandrisiko-area aan. Selfs al sou dit nie die brand keer nie, sal sulke bane beter toegang vir brandbestryders bied.

VRAAG 3: Maak jy 'n punt daarvan om indringerplante, dooie hout en vlambare materiaal gereeld op jou eiendom te verwyder?
Indien NEE, maak seker dat jy op 'n geordende wyse gereeld van indringerplante, dooie hout en organiese materiaal op jou eiendom ontslae raak.

VRAAG 4: Is die berging van jou LP-gassilinders wettig?
Indien NEE, raadpleeg 'n verkoper van LP-gas en sorg dat jou bergingsarea dienooreenkomstig aangepas word.

VRAAG 5: Woon jy in 'n huis met 'n houtraam of grasdak?
Indien JA, snoei die plante rondom jou huis terug tot 'n hoogte van nie meer as 20 cm nie.

VRAAG 6: Is jou brandhoutstapel en komposhoop 'n hele entjie van jou huis?
Indien NEE, sorg dat jy 'n "skoon sone" van 3 m rondom jou huis skep.

VRAAG 7: Kan jou tuinslang maklik bereik word en strek dit reg rondom jou huis?
Indien NEE, skaf 'n ekstra tuinslang aan. 'n Tenk wat reënwater opgaar met 'n pomp is ideaal vir hierdie doeleinde.

VRAAG 8: Hang enige elektriese drade oor bome of struike op jou erf?
Indien JA, maak seker dat jy daardie drade óf verwyder óf met metaalleipype bedek.

VRAAG 9: Kan brandbestryders geredelik toegang tot brandkrane verkry?
Indien NEE, lig asseblief jou FireWise-komitee of brandweerhoof in.

VRAAG 10: Kan 'n brandweerwa geredelik van alle kante toegang tot jou eiendom verkry?
Indien NEE, sorg dat jou oprit oop en skoon is.

VRAAG 11: Verbrand jy/jou bure ooit tuinafval?
Indien JA, let asseblief daarop dat enige verbranding onwettig is (tensy 'n permit daarvoor uitgereik is).

VRAAG 12: Het jy alle houtdekke of -heinings met 'n vlamweerder behandel?
Indien NEE, besoek 'n hardewarewinkel of raadpleeg 'n verfkenner oor hoe om 'n vlamweerder aan te wend.

VRAAG 13: Is die dakkappe onder jou dak se oorhang onbedek?
Indien JA, sorg dat jy onbedekte dakkappe toemaak met materiaal wat nie vlambaar is nie.

VRAAG 14: Braai jy/jou bure ooit sonder om 'n tuinslang byderhand te hou?
Indien JA, sorg altyd dat 'n tuinslang byderhand is, veral in die somer wanneer die brandrisiko baie hoog is.

OVERSTRAND SE NUWE K9-EENHEID

Vierpotige rekrute en hul hanteerders slaggereed

Danksy befondsing komende van die Wes-Kaapse departement van gemeenskapsveiligheid kon Munisipaliteit Overstrand onlangs 'n honde-(K9-) eenheid op die been bring ter ondersteuning van munisipale veiligheidsplanne in die distrik.

'n K9-eenheid bestaan uit 'n gespesialiseerde groep wetstoepassers wat van opgeleide honde gebruik maak om verskeie take te verrig. Bo-en-behalwe hul normale pligte, moet wetstoepassers wat aan hierdie eenheid toegewys is, ook na hul vierpotige makkers omsien: Met ander woorde, hulle moet hul vierpotige makkers oplei en versorg.

Honde wat aan hierdie eenheid behoort, word beide pro-aktief en reaktief ingespan, en die doel met die K9-eenheid is om wetstoepassers se vermoë te versterk sodat hulle op 'n doeltreffende wyse kwessies verwant aan, onder andere, stroping en dwelmhandel die hoof kan bied en sulke misdade kan aanmeld.

Die honde-eenheid is gerat om ondersteuning ten tyde van wetstoepassingsoperasies te verskaf en sal vir gespesialiseerde take (soos die uitsnuffel van dwelms, perlemoen en vuurwapens) sowel as ten tyde van patrollies ingespan word.

Overstrand se nuwe K9-eenheid is aanspreeklik aan die direktoraat: beskermingsdienste en word in Hermanus gehuisves maar sal die hele Overstrandgebied bedien.

Tans bestaan Overstrand se K9-eenheid uit een beampte (inspekteur Lance Mara wat die eenheid bestuur) en ses hondehanteerders met 'n polisiehond wat aan elk toegewys: Gimo (aan hanteerder Patrick Frans), Wimba (aan hanteerder Cadin Leibrandt), Demmi (aan hanteerder Valencia Solomons), Argo (aan hanteerder Joseph Tyhaliti), Sissy (aan hanteerder Patrick Stranfliet) en Adar (aan hanteerder Rhyno Cloete). Die aanstelling van nog 'n inspekteur en 'n senior inspekteur moet nog gefinaliseer word.

K9-inspekteur Lance Mara sê sy eenheid maak gebruik van Belgiese herdershonde omdat hulle so 'n skerp reuksin het en uiters intelligent is. Voorts het hy bevestig dat die munisipaliteit ten nouste met die Genesis K9-groep saamwerk aangesien hierdie groep die honde verskaf en opgelei het. Genesis K9 is gelisensieer om honde en hondehanteerders op te lei en te verskaf aan, onder andere, myne, sekuriteitsmaatskappye, natuurreservate, wetstoepassing- en gemeenskappolisiëringsagentskappe sowel as die Verenigde Nasies.

Overstrand se nuwe K9-eenheid (van l-r): Joseph Tyhaliti en Argo, Genesis K9-groepinstruktuer Sydney Matlala, Patrick Stranfliet en Sissy, assistenthoof: wetstoepassing en taakspan Johan du Toit, Valencia Solomons en Demmi, K9-inspekteur Lance Mara, senior bestuurder: verkeer, wetstoepassing en taakspan Rudi Fraser, Patrick Frans en Gimo, die Genesis K9-groep se direkteur van opleiding Thys Klein, Cadin Leibrandt en Wimba, en Rhyno Cloete en Adar

Argo met hanteerder Joseph Tyhalit

Sissy met hanteerder Patrick Stranfliet

Demmi met hanteerder Valencia Solomons

Adar met hanteerder Rhyno Cloete

Wimba met hanteerder Cadin Leibrandt

Gimo met hanteerder Patrick Frans